

9 November

Skrifgedeelte: Daniël 4:1-37
Fokusgedeelte: Daniël 4:30-32

Hoogmoed kom tot 'n val!

Dis die vierde en laaste keer wat God met Nebukadnesar praat. Hy doen dit weer deur 'n droom, deur 'n persoonlike ervaring waaraan Nebukadnesar nie kan ontsnap nie. Die droom het 'n boodskap van uiterste straf.

Die rede vir so 'n straf is Nebukadnesar se verregaande sonde en hoogmoed, asof hy alles is en God nie eens 'n faktor nie. As hy hom na die duidelike pad wat God by herhaling met hom geloop het, nie van sy sonde en hoogmoed bekeer nie, sal die vonnis as regverdige straf aan hom voltrek word.

'n Jaar na die droom het God ook op grond van Nebukadnesar se eie woorde die straf voltrek. Hy het dus met hom gehandel soos Hy Hom oor 'n lang tyd aan Nebukadnesar bekend gemaak het.

Steur ons ons aan God volgens die mate waarin Hy Hom aan ons bekend gemaak het in Jesus Christus? Daar is net twee moontlikhede: Dis óf die harde weg tot erkenning dat Hy waarlik God is, óf die lieflike weg van bekering en geloof in Hom wat die wêreld so liefgehad het dat Hy sy eie Seun nie gespaar het nie. Dít moet ons weet: sondige hoogmoed kom verseker tot 'n val!

Sing: Psalm 99:1,2

Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)